NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI

SKRIFRIGLYNE

GROEIGROEPE EN HUISGELOOF

2024 Jaartema: WYER – Onbeskaamde bewegings

Ontdek | Ontsluit | Ontmoet. | Ontplooi

Jesaja 54
"Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, 3want jy sal na alle kante toe uitbrei..."

Vanuit Esegiël 47 se reeks oor die waar die water vloei sal daar lewe wees, het die water ook dieper en wyer gevloei. In 2023 het ons Dieper gegaan (Dieper oorwinnende lewe) en vanjaar gaan ons **Wyer** met **Onbeskaamde bewegings** wat deel van ons lewe gaan word.
Ons gaan die 4 kwartale werk met temas van **Ontdek, Ontmoet, Ontsluit en Ontplooi**.
Soos water beweeg het dit invloed op die verandering in landskap. Die water self verander ook van rigting, spoed en diepte. So is verandering 'n onlosmaaklike deel van ons elkeen se lewe. Een ding wat egter nie verander nie is God en Sy liefde vir ons.

Ons gaan hierdie jaar kyk na hoe ons gaan beweeg om nog nader aan God te leef, Sy liefde te ervaar en draers daarvan te wees in 2024. Die reeks wil mense help om op 'n beter plek te kom as wat hulle tans is en ook ander daarmee te help.

Oorsig van die byeenkoms:

Welkom/Lief en Leed	Hoor hoe dit met mekaar gaan.
Waardig/Lofprysing en aanbidding	Tyd om God te loof en prys en Sy naam groot te maak
Woord – Wat sê die Skrif	Tyd om die woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. Vind as groep uit wat God vir julle sê. Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek.
Werke/Projekte – mens-tot-medemens fokus	Praktiese dissipelskap – reik uit na die wêreld in nood.
Voorbidding	Dra mekaar en andere op aan God

TEMA: As wantroue oorneem…

Skriflesing

1 SAMUEL 8

Die Israeliete vra 'n koning

1 Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as leiers oor Israel aangestel. 2Die
oudste se naam was Joël en dié van die tweede Abia. Hulle was leiers in Berseba. 3
Maar Samuel se seuns was nie soos hy nie: hulle het hulle verryk ten koste van ander,
het omkoopgeskenke aangeneem en die regspraak verdraai.

4 Al die leiers van Israel het bymekaargekom en na Samuel toe in Rama gegaan. 5Hulle
het vir hom gesê: “Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liewer 'n
koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is.”

6 Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: “Gee ons tog 'n koning om oor
ons te regeer.”

Samuel het tot die Here gebid, 7 en die Here het vir hom gesê: “Gee toe aan die
versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle
het Mý verwerp as koning oor hulle. 8 Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle
met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My
verlaat en ander gode gedien. 9Gee nou maar toe aan hulle versoek. Stel die saak net
baie duidelik aan hulle: sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal
regeer.”

10 Samuel het al die woorde van die Here oorgedra aan die volk wat van hom 'n koning
gevra het.

11 Hy het gesê: “Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: julle seuns
sal hy vat en party by sy wa en perderuiters aanstel, party om voor sy wa uit te
hardloop, 12party sal hy aanstel as bevelvoerders oor afdelings en onderafdelings van
die leër, party om sy lande te ploeg en sy oes in te samel, en party om sy krygstuig en
uitrusting vir sy strydwaens te maak; 13julle dogters sal hy vat om vir hom salf te
meng, om vir hom te kook en te bak; 14julle beste lande, wingerde en olyfboorde sal
hy vat en aan sy amptenare gee; 15van julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy
'n tiende vat en aan sy paleispersoneel en sy amptenare gee; 16julle beste slawe,
slavinne en jong manne, en julle donkies sal hy vat en vir sy werk gebruik; 17van julle
kleinvee sal hy 'n tiende vat, en julle self sal sy slawe wees.

18“Daardie dag sal julle om hulp roep vanweë julle koning vir wie julle verkies het,
maar dan sal die Here julle nie antwoord nie.”

TEMA: As wantroue oorneem…

19 Maar die volk het geweier om na Samuel te luister. Hulle het vir hom gesê: “Nee, daar moet tog maar 'n koning oor ons wees. 20 Ons wil ook soos al die nasies wees. Ons koning moet oor ons regeer; hy moet ons lei en ons oorloë voer.”

21Samuel het na die woorde van die volk geluister en dit vir die Here vertel.

22Toe sê die Here vir Samuel: “Gee toe aan hulle versoek. Stel 'n koning oor hulle aan.”

Samuel het vir die manne van Israel gesê: “Gaan julle nou almal huis toe.”

GESELS MET MEKAAR

- Wat staan vir julle uit in hierdie gedeelte?
- Hoe is hierdie gedeelte relevant vir ons vandag?
- Joël en Abia is Samuel se seuns – hoe sal julle hulle opsom?

Watter impak het ‘n regering/ regeerder oor ‘n land en haar mense?

Gebeur dit soms dat ons alleenlik kyk na die regering/ regeerder vir verandering?

Wat is wantroue?
Hoe gebeur dit dat wantroue soms deel word van ons lewens en denke?

Hoekom dink julle het die volk van Israel ‘n “Koning” gesoek?

TEMA: As wantroue oorneem…

Die Here het vir Samuel gesê: 7 *“Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle”*

Kan dit gebeur dat ons soms die Here “verwerp” in die keuses wat ons maak?

KYK

God reageer op die volk se versoek met die volgende woorde:
22 Toe sê die Here vir Samuel: “Gee toe aan hulle versoek. Stel 'n koning oor hulle aan.”
- Want dink julle is die rede dat God juis die “koning” aan hulle gee soos hulle versoek het?

NADENKE EN VERDIEPING TOT VERANDERING.

As ons leef onder die indruk dat God in beheer van alles is:

1. Dit is nie ek wat in beheer is nie.
2. Nie my regeerder/ regeerders wat in beheer is nie (Al maak hulle soos hulle wil)
   God IS IN BEHEER!!

Vriende, ons moet besef dat **niks hou vir EWIG nie, konings en regeerders kom en gaan, maar God bly ALTYD! Alles GAAN verby MAAR GOD…. BLY VIR EWIG!**

TEMA: As wantroue oorneem…

Wanneer jy as ‘n leier optree in jou familie, gesin, werksplek of skool moet jy besef:

1. Ek is in diens van God!
2. Ek is NIE SO BELANGRIK NIE…
3. Ek gaan ook verby gaan!

Ons staan in ‘n verantwoordelikheid teenoor alle mense met een doel en dit is om te wys dat God eintlik regeer! Ons moet ook wys dat God deur ons regeer.

Hoe laat dit ons voel en hoe help dit ons om anders te gaan leef?

_____

_____

🙏 GEBED

Here, U is die Koning van die Wêreld,
Mag U heerskappy deur my lewe sigbaar word.

Mag U heerskappy my voortdurend herinner
om U liefde en genade in hierdie wêreld te weerspieël
en ander uit te nooi om ons Koning – vir U te ken.

Dankie dat U ons seën
en beskerm;
en tot ons redding verskyn
en genadig is;
Dankie, dat U ons gebede verhoor
en aan ons vrede gee!

Amen

TEMA: As wantroue oorneem…

Notas